Chemists PLUS apteek
CACHET APTEEK
U Plus Apteek
TOMSTRAAT 92
Tel. 4201
Groot genoeg om u te dien, klein genoeg om u te ken

die WAPAD
IN U LIG SIEN ONS DIE LIG
ASPU
AMPTELIKE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. vir C.H.O.
JAARGANG XXXIV NOMMER 5 2 MAART 1979

TOPS
Uitsig Deurloop
Tel. 21112
VIR: Rekenaars
Witjasse
Dissekteerstelle
* * * * *
Skoonheidsmiddels
* * * * *
Geskenke

# ASB AANVAAR DIE KRUISPAD-VERSLAG

**Op Saterdag 24 Februarie is die verslag van die Afrikaanse Studentebond (ASB) oor die Kruispad-plakkerskamp in sy geheel deur die hoofbestuur van die Bond aanvaar.**

Volgens mnr. Theuns Eloff, die president van die ASB, is die probleme by Kruispad 'n kwesplek in die beleid van afsonderlike ontwikkeling. "As ons wil hê dié beleid moet slaag, moet 'n oplossing vir die plakkerskwessie gevind word. Die kwessie sentreer rondom te min werksgeleenthede en trekarbeid", het mnr. Eloff in 'n onderhoud gesê.

Mnr. Eloff het op die ASB-hoofbestuursvergadering bygevoeg dat die ASB 'n belangrike bydrae in die probleemoplossing van Suid-Afrika kan lewer, en nie bang moet wees om standpunt in te neem nie.

Tydens 'n bespreking oor die verantwoordelikheid van plakkers wat nie werk het nie, het 'n persoon opgemerk dat dit die tuislande se verantwoordelikheid is. Iemand anders het gesê dat onafhanklikheid nie 'n rede vir die Suid-Afrikaner is om sy verantwoordelikheid af te skuif nie. Hierdie verantwoordelikheid ontstaan omdat die regeringsbeleid ruimte laat vir dié probleme.

Mnr. Gerhard Barnard van Stellenbosch het gesê dat swart werkers wat nie meer nodig is nie, nie gerieflikheidshalwe soos gebruikte papierborde weggegooi kan word nie. Volgens hom het die Regering veertig persent van die mense van Kruispad as werkers na die Wes-Kaap laat kom en in gebreke gebly om permanente huisvesting aan hulle te verskaf.

'n Kommissie is aangestel om ondersoek in te stel oor alternatiewe vir die huidige plakkershuisvesting. Die hoofbestuur het 'n 'n kort bespreking riglyne aan die kommissie gegee en beklemtoon dat Kruispad nie opgeruim mag word tensy die nodige behuisingsvoorsiening op ordelike en verantwoordelike wyse geskep word nie.

Die hoofbestuur het klem gelê op 'n ander alternatief, naamlik dat swartmense van Kruispad wat nie huisvesting kry nie, maar na die tuislande teruggestuur word, deur onderhandeling met die tuislandregerings verseker behoort te word van werkgeleenthede.

Die verslag het aanbeveel dat die Regering 'n kommissie wat weer aandag aan die belangrike aspek van trekarbeid moet gee, sal aanstel.

Op die hoofbestuursvergadering het mej. Grietjie Pienaar van die Randse Afrikaanse Universiteit beswaar gemaak teen 'n sekere paragraaf in die studiestuk wat deur mnr. Abrie de Swart opgestel is. Volgens haar gee veral een sin in die betrokke paragraaf die indruk dat dr. Koornhof die redder en vader van Kruispad is. Sy het gesê mnr. De Swart se insinuasie in dié verband is onregverdig teenoor die ministers wat reeds voor mnr. Koornhof se oorname met onderhandelinge besig is.

Mnr. De Swart het gesê dit was geensins sy bedoeling om die indruk te wek dat dr. Mulder in sy taak gefaal het nie. Hy het tog bygevoeg dat dit soos 'n paal bo water staan dat dr. Koornhof se aanstelling en sy besoek aan Kruispad 'n meer positiewe benadering van die saak by die inwoners self daargestel het. Die nuwe minister het volgens mnr. De Swart die "plof" uit 'n plofbare situasie gehaal.



*Op 21 November 1978, net 'n dag na sy inswering as Minister van Plurale Betrekkinge en Ontwikkeling, besoek dr. Piet Koornhof Kruispad. Hier ontmoet hy lede van die Vrouekomitee van Kruispad. Links staan mnr. F.H. Botha, Hoofkommissaris van Plurale Betrekkinge en Ontwikkeling in die Wes-Kaap. Op 29 Januarie 1979 bring dr. Koornhof sy tweede besoek aan Kruispad en beraadslaag hy weer met alle belanghebbendes.*

*(Foto – Die Burger)*

### Buitelandse beeld

Die hoofbestuur van die ASB het hom ook ten gunste van 'n private organisasie wat die beeld van Suid-Afrika in die buiteland uitbou, uitgespreek. Hierdie organisasie sal deur private geld en vrywillige bydraes van studente van ASB-kampusse gesteun word. Die geld van dié dertien kampusse is bedoel as stimulant vir die besigheidsektor. Die dagbestuur sal verder ondersoek na die aangeleentheid instel.

Die ASB betreur in 'n mosie die heksejag van sekere koerante op 'n organisasie soos Assosiasie Internasionaal. Die Bond het geen besware teen 'n beperkte staatsubsidie vir organisasies wat in breë landsbelang optree nie.

### Disaffiliasie

Minder as honderd studente van die ASB-kampusse het reeds aangedui dat hulle van dié liggaam wil disaffilieer. Daar is ook genoem dat sekere studente hulle van die werkswyse van die ASB wil distansieer, maar nie van die doelstellings nie.

Mnr. Abrie de Swart het bekend gemaak dat Nedbank die kongres van 1979 met R6 000 sal borg.

Die ASB beplan om ten minste ses Amerikaanse studente na Suid-Afrika te bring waar hulle tussen die verskeie ASB-kampusse sal toer.

ASB-hempies en truie, sowel as 'n hempie vir die kongres van 1979, sal binnekort vervaardig word. Busse sal na die Universiteit van Stellenbosch gereël word, en die reiskoste sal sowat R30 per persoon bedra.

### Ontugwet

'n Kommissie onder Jan-Louis de Plooy loods 'n ondersoek na artikel 16 van die ontugwet en die wet op die verbod op gemengde huwelike. Die kommissie kyk na die beginsel en grondslag van dié wette asook na die praktiese gevolge wat deur die moontlike afskaffing van dié wette veroorsaak sou word.

## OB vergader op PU

**POTCHEFSTROOM – Genl. Hendrik van den Berg, voormalige hoof van die Buro vir Staatsveiligheid, het Saterdag die byeenkoms van die Ossewa Brandwag op Potchefstroom bygewoon. Die byeenkoms is by die PU gehou en die Rektor, Prof. Tjaart van der Walt, het as voorsitter opgetree.**

Die Ossewa-Brandwag is 'n regse organisasie wat Suid-Afrika se deelname aan die Tweede Wêreldoorlog sterk teengestaan het. Sowat 180 mense het by die byeenkoms opgedaag.

Die uitvoerende voorsitter van die Ossewa Brandwag, mnr. Willie Laubscher, het die organisasie beskryf as die "finale regering" van die oorspronklike organisasie. "Die einde van die OB is deur die Suid-Afrikaanse koerante veroorsaak. Nou moet ons die organisasie se naam in ere herstel", het hy gesê.

Mnr. Laubscher het gesê 1981 sal die honderdste herdenking van die Slag van Majuba wees. Hy het die slag beskryf as die eerste neerlaag van die Britte deur die kleinste volk ter wêreld ... die Afrikaners.

Die byeenkoms is gehou om OB-dokumente in te samel en vir die opening van die OB-argief by die universiteit.

Daar is gerugte dat dit die laaste byeenkoms van die Ossewa Brandwag was.



*Prof. en mev. Tjaart van der Walt met mnr. Willie Laubscher (links) en 'n gas in gesellige luim by die Ossewabrandwagbyeenkoms in Potchefstroom.*

DIE VOLLEDIGE KARNAVALPROGRAM VERSKYN OP BLADSY DRIE

# PU RUIL UIT

**Rialeen Kruger, 'n eerstejaar B.A. Tale-student aan die PU vir CHO, was gedurende 1978 'n Rotary-uitruilstudent in Australië.**

Daar was in 1977 'n Nieu-Seelandse uitruilstudent by die Hoërskool Piet Potgieter op Potgietersrus. Rialeen het ook belanggestel in hierdie uitruilskema en aansoek gedoen. Na twee keurings, waar 'n kommissie haar in allerhande situasies geplaas het en haar aanpassingsvermoë, algemene kennis, skoolprestasies en geaardheid getoets het, is sy as uitruilstudent aanvaar.

Gedurende oriënteringsnaweke het 'n groep uitruilstudente opleiding in openbare optrede gekry en geleer hoe om hulle land te verteenwoordig.

Op 12 Januarie 1978 het Rialeen in Australië aangekom. Gedurende die jaar van haar verblyf daar het sy by vier families gebly: 'n dieselingenieur, 'n melkman en twee katoenboere. Sy moes heeltemal inskakel by hierdie families en soos 'n kind in die huis wees. Die mense was baie goed vir haar en wou haar alles van hulle land wys.

Sy was weer in matriek - hierdie keer in die Narrabri High School in Wee Waa in Nieu-Suid Wallis. Die skool duur van 9h00 tot 15h30. Rialeen se vakke was: Radio, Tekstiele en Ontwerp, Kuns, Geskiedenis, Landbou en Engelse letterkunde.

Hulle was 'n groep van dertig afgevaardigde uitruilstudente uit tien lande, nl: die Filippyne, Japan, die VSA, Kanada, Brasilië, Korea, Maleisië, Denemarke, Duitsland en die Republiek van Suid-Afrika.

Sewentig uitruilstudente is vir drie weke op 'n toer deur Australië geneem. Hulle het interessante plekke, soos byvoorbeeld die ondergrondse dorpie Coober Pedy, waar blou opale gemyn word, besoek.

Rialeen moes as junior ambassadeur vir haar land optree. Die Suid-Afrikaanse ambassade in Canberra het gereeld die jongste inligting oor Suid-Afrika aan haar gestuur. Hieruit kon sy stof versamel vir haar toesprake en openbare optredes by Rotary Klubs, Lion Klubs, Apex, samekomste van kerkgroepe soos die Presbiteriaanse Kerk, die Rooms-Katolieke Kerk en "The Church of England", jeugverenigings, by hoër- en laerskole en ook by huise waar vriendegroepe bymekaargekom het.

Volgens Rialeen stel die mense baie belang in Suid-Afrika, maar hulle is baie oningelig oor ons land. Hulle is baie krities ingestel en sy het meermale ná een van haar toesprake in 'n hewige politieke argument betrokke geraak.

By die skoolbiblioteek het sy gedurende 'n Suid-Afrikaanse week uitstallings van onder andere Suid-Afrikaanse muntstukke en seëls gehou.

Vir die skool se standard agts, wat "Cry, the beloved country" as 'n voorgeskrewe boek gehad het, moes sy 'n verduidelikende lesing daaroor gee.

Rialeen sê die aanpassing was veral in die begin moeilik, maar terug in Suid-Afrika verlang sy terug na haar vriende in Australië en korrespondeer nog gereeld met hulle.



*Stephan Schröder, 'n duitse student, en Rialeen Kruger tydens 'n fees in Duitsland.*


Fifi BOUTIQUE

**SLENTER TOT CHIC DRAG VIR STUDENTE**

Teen pryse wat 'n student se beursie die minste sal seermaak.

Tel. 23420 ESSELENSTR. NABY POSKANTOOR




*Van links na regs staan mnr W.J. de Wet, (van die Biochemie Departement aan die PU), prof Manschester en prof Newsholm by die registrerende spektrofotometer van die Departement Biochemie.*

# Biochemie maak kontak

**Interuniversitêre kontak is 'n hoë prioriteit van die PU. Dit is ook op die akademiese terrein van toepassing. Op hierdie vlak het die plaaslike Departement Biochemie ook 'n bydrae gelewer. Uit hierdie Departement is drie navorsingsvoordragte by die afgelope vierde kongres van die Suid-Afrikaanse Biochemiese Vereniging gelewer.**

Hierdie kongres het van 29-31 Januarie by die Universiteit van Rhodes plaasgevind, en is bygewoon deur afgevaardigdes van al die Suid-Afrikaanse Universiteite en navorsingsinstansies soos die WNNR en Onderstepoort. By hierdie kongres was ook verteenwoordigers uit die VSA en Brittanje. Een van hierdie besoekers, prof. E.A. Newsholm van die Universiteit van Oxford het die PU besoek na afloop van die kongres. Hy is vergesel van prof. K. Manschester van die Departement Biochemie van die Universiteit van die Witwatersrand. Tydens hierdie besoek is wedersyds kennis uitgeruil ten opsigte van navorsingsprojekte van die betrokke instansies.

Prof. Newsholm het daarna ook 'n voordrag oor sy navorsing gelewer wat deur sowel voor- as nagraadse studente van die Departement Biochemie asook van ander aanverwante Departemente bygewoon is. In hierdie voordrag het hy onder andere gewys op die besondere Biochemiese en sellulêre eienskappe wat 'n maratonatleet en 'n kortafstand atleet van mekaar onderskei. Hiervolgens is die prestasies van sodanige atlete nie slegs die resultaat van intensiewe oefenprogramme nie, maar speel die besondere genetiese en biochemiese eienskappe van die spierweefsel van hierdie atlete ook 'n deurslaggewende rol in hulle uiteindelike prestasievermoë.

# Zij hebben gezegd

**Die menings van die Studenteraadslede oor die ASB toon groot verskeidenheid. Hulle is ondervra oor aspekte soos die bestaansreg van die ASB, politieke en kulturele doelstellings, die "nuwe rigting".**

Zij hebben de volgende gezegd:

Jan Louis du Plooy: Die nadeel van die ASB is die vorige oorversigtigheid om oor politieke sake te praat; om oor knelpunte wat deel uitmaak van afsonderlike ontwikkeling die heilige swye te bewaar. Gelukkig is dié tyd verby en word daar gepraat oor oplossings en alternatiewe sonder om landsverraaier, Marxis te wees. Die ASB se publisiteitsbeeld het verhoog en studente voel meer dis ons organisasie.

Magdel van der Walt: ASB is 'n oulike organisasie. Inligting oor politieke situasies is meningvormend en dit sit studente aan die dink en hou hulle aan die dink as leiers van môre.

Adriaan van der Walt: Ons het voorheen gehoor van verandering en vernuwing en kan dus nou die inligting- en studiestukke verwelkom en hoop op uitbreiding. Die ASB moet voorloop en nie agternaslenter nie.

Danie de Kock: Soos ASB nou aangaan is dit in 'n positiewe rigting; die studiestukke gee die mening goed. Die ASB moet egter meer doen om Afrikaner kultureel bewus te maak - nie 'n velskoenkultuur nie en ook nie konformering tot Engels nie.

Leenster Pasch: ASB het tot dusver nie iets vatbaars beteken nie, maar sy is nou meer bewus van sy bestaan. As die identiteit-tema tot op die been gesny word kan dit baie beteken vir die Afrikaner. Die studiestuk oor Kruispad is neutraal en versigtig; hulle begin egter beweeg op nasionaal-politiese vlak en dis te verwelkom.

Sieg Eiselen: ASB dien in die behoeftes van sekere studente (s.i. 'n klein minderheid). Daar is polities wel die behoefte dat die Afrikanerstudent bymekaarpraat - die ASB maak polities op meer aanspraak as wat dit werd is a.g.v. sentrum-affiliasie-twak. Persoonlik vind die organisasie nie baie aanklank by hom nie, omdat dit polities verkramp is.

Mario Pretorius: Die ASB is 'n organisasie (met sy 55 000 lede) en is verwyder van die Afrikaanse student. Dis nie 'n menslike organisasie nie en dit het 'n "pose", maar die herlewing in 1979 is 'n goeie begin om dit menslike te maak. Die morele druk om nie te disaffilieer nie benadeel veel.

Petrie de Kock: Polities is die ASB 'n goeie mondstuk vir die Afrikanerstudent; kultureel is Kuesta ens. puik sodat student uiting kan gee aan sy kulturele vermoëns.

Bennie Hattingh: Die ASB mis sy doel deurdat alle studente en kampusse nie betrek word nie, en dit onaktief op kampusse en oor die algemeen is. Dit is egter besig om nuwe beeld te skep van wat hulle dink en doen en ASB kry dan bestaansreg.

Zoks Schwellnus: Twee jaar gelede wou hy aktief disaffilieer van die koeksister- en jukskei-organisasie. Hy glo nou dat organisasie van binne verander moet word en dat dit nou in 'n meer dinamiese rigting beweeg.

Gert Breed: ASB het 'n goeie voorsitter en is 'n puik geleentheid vir die Afrikaanse student om sy stem te laat hoor.

Piet Joubert: Vir die Afrikaanse student wat te trots is om hom 'n Afrikaner te noem, is die ASB 'n trotse noodsaaklikheid.

Anne-Marie Jacobs: Die ASB was 'n doringdraad-organisasie van vashou-Afrikaners. Met besinninge oor identiteit en probleme in ons land soos groepsgebiede ens. kom die ASB agter sy doringdraad uit en daaroor is ek bly. Die publikasies is 'n goeie manier om die ASB-beeld positief te verwyd.

Jan Botha: Hy geniet en waardeer die politieke oplewing en sou dit graag ook op studentediens wou sien verbeter. Die ASB is egter beter om die ding te doen.

Steinman de Bruyn: ASB se bestaansreg is betwyfel, maar nou nie meer nie. Die ASB is verteenwoordigend van Afrikaanse studente wat wil bewys dat hulle positief in woord en daad en met geloof die toekoms van SA wil bepaal.

André van der Walt: Die ASB het bestaansreg solank die kern gemeenskaplike Afrikanerstudentwees is en dit daaromheen funksioneer. In laasgenoemde geval het daar nuwe lewe gekom.

Theuns Eloff: Hy is so subjektief betrokke by hierdie saak dat hy eerder nie sy persoonlike, eerlike mening wil gee nie.

# Koreane se gesinne na Potch

**Drie Koreane is deur die Teologiese skool van die PU vir CHO uitgenooi om hier te kom studeer. Die gedagte het onder die susters van die Gereformeerde gemeente Potchefstroom-Noord ontstaan om die gesinne van die persone na Suid-Afrika te laat kom.**

Daar word tans geld ingesamel vir dié doel. Daar word beraam dat daar omtrent R1000 nodig is om al drie gesinne vir 'n maand lank te onderhou. Die gesinne sal dan vir ongeveer drie jaar hier bly.

Twee van die gesinne bestaan uit kinders wat skoolgaande ouderdom sal bereik as hulle volgende jaar hierheen kom. Een van die moeders is egter 'n onderwyseres en sy sal die onderrig van die kinders behartig.

Op die oomblik is die mense wat hiervoor verantwoordelik is, nog besig om geld in te samel.

# KARNAVALPROGRAM

**DONDERDAG, 1 Maart:**

18h00: Openingsaand - Amfiteater
Oorhandiging van pryse aan kapitaalskatjiewenners.

19h00: Studente beweeg onmiddellik na die ou PU-velde waar stalletjies sal wees om kos te voorsien, 'n biertuin en 'n mallemeule. Daar sal geen etes in die koshuise wees nie.

**VRYDAG, 2 Maart: MOOIRIVIERSPELE**

07h30: Drastoelwedren - Deelnemertal: vyf per koshuis, mans en dames.
Roete:
Wegspring - Wanda
Eerste oorgee - Makouvlei
Tweede oorgee - Stopstraat by brug
Derde oorgee - Helfte van brug
Vierde oorgee - Tomstraat
Vyfde oorgee - Hek by Fanie du Toit
Eindpunt - Hoofpawiljoen, Fanie du Toit

08h00: Touklim oor die Mooirivier
Elke koshuis twee lede
Sewemanrugby (eerste rondte). Speltyd sewe minute per helfte.
Rustyd een minuut. Spelers - sewe per span.
Damessokker (eerste rondte). Speltyd - tien minute per helfte.
Rustyd - vyf minute. Elf spelers per span.

08h30: Toutrek mans (eerste rondte). Een span per koshuis. Mansspanne bestaande uit agt lede, damesspanne agt lede.
Drie trekke met een minuut rustyd tussenin.
KUSSINGGEVEGTE (dames): twee per koshuis. Elke koshuis voorsien eie kussing. Gevegte word beslis uit die beste van drie.
DUBBELPAALTJIEKRIEKET: Elke manskoshuis: twee spelers.
Finaal: 16h00.

09h00: SEWEMANRUGBY (tweede rondte)
DAMESSOKKER (tweede rondte)
KUSSINGGEVEGTE (mans)
TENNISTOERNOOI Manskoshuise - twee spelers
Dameskoshuise - een speler

09h30: 1. Optog van deelnemende spanne maak gereed aan noordekant van pawiljoen.
2. Orkes lewer uitvoering voor hoofpawiljoen.

09h45: 3. Optog gereed vir opmars.

09h55: 4. Rektor en gade en mnr. De Vos en gade arriveer en word na verhogie vergesel.

10h00: 5. Ontploffing van die spele "GEES".
6. Mnr. R. Opperman en gade arriveer en word vergesel na verhogie.

10h05: 7. Seremoniemeester doen die amptelike verwelkoming van Hooferegas en protokol.

10h10: 8. Mnr. De Vos lewer Spelerede.

10h20: 9. Mnr. R. Opperman, voorsitter van beide die Suid-Afrikaanse Olimpiese en Nasionale Speletjievereniging en die SA Sportfederasie lewer amptelike openingsboodskap.

10h30: 10. Vrylating van balonne op die bevel van die "Gees".

10h30: 11. Optog van deelnemers verlaat die baan.

10h30: Toutrek: dames (eerste rondte)

10h30: Sewemanrugby (derde rondte)
Damessokker (derde rondte)

11h00: Wissellope - dames.
Deelnemertal: twee per koshuis (mans sowel as dames)
Tyd van elke wisselloop sal geneem word - met ander woorde die span wat die wissellope die vinnigste afgelê het, sal as die wenspan aangewys word.

11h00: Binnebandresies
Elke koshuis (mans sowel as dames): twee lede
Afstand: 100m
Tyd van elke span sal geneem word.

11h00: Toutrek (mans): tweede rondte

11h30: Sewemanrugby: semi-finaal
Damessokker: semi-finaal
Toutrek: (dames) tweede rondte

12h00: Wissellope (mans)
Binnebandresies: dames

12h30: Toutrek (mans) derde rondte
Toutrek (dames) derde rondte

13h00: Middagete

14h00: Donkie-July (dames)
Een persoon per koshuis (dames sowel as mans)
Deelnemer wat eerste op donkie se rug by wenpaal aankom, sal as wenner aangewys word.

14h00: Karstoot (mans)
Dames: agt per span
Mans: vyf per span
Afstand: 100m
Wenners sal op 'n tydbasis bepaal word.

14h00: Toutrek: (mans) semi-finaal

14h30: Tennis: finaal
Karstoot: dames

15h00: Donkie-July (mans)
Krieket: finaal
Damessokker: finaal

15h30: Toutrek: mans finaal

15h30: Toutrek: dames finaal

16h00: Sewemanrugby: finaal

**Saterdag, 3 Maart**


06h30: Vlotbeoordeling (Die beoordeling begin stiptelik om 06h30)

08h30: Vlotoptog deur die dorp en daarvandaan na Stilfontein.

14h00: Trapkar om Caput en Hombré
Orkeskompetisie - Ou PU-velde


18h00: Osbraai op die Ou PU-velde
Onthou: geen aandetes in koshuise.

Tydens die osbraai sal die wenner van Karnaval aangekondig word.






*Die wenners van die dames enkel-sêr kompetisie - Oosterhof.*

LEPEL IN DIE DAK STEEK?

# Ruk u reg met Super Sixty

Herwin u energie, fut en lus vir die lewe met Super Sixty – die nie-sintetiese gesondheidstabule, vol van liggaamlike heilsaamheid. Elke Super Sixty tabule bevat kragtige Vitamien E plus 59 ander noodsaaklike vitamiene, spoorelemente en aminosure. Super Sixty is geformuleer in 'n groentekonsentraatbasis van pietersielie, seldery, prei, kelp (seewier) roosbottel, sitrusbioflavonoïde, melasse, torula-gis en lesitien – 'n Volkome gebalanseerde samestelling.

Moenie afgerem raak nie- laat Super Sixty in u dieet vervang wat moderne tegnologie daaruit haal – Vitamiene, die bron van lewenskrag.




'n Gehalteproduk van

NATURMADE

ons dra u gesondheid op die hart.

SUPER SIXTY is by alle apteke op Potchefstroom verkrygbaar.

die WAPAD

# ASB BEWEEG

Baie stemme van ontevredenes is gehoor net ná die verskyning van die verslag oor die Kruispad-plakkerskamp. 'n Mens kon dus met reg 'n vurige bespreking oor dié saak op die ASB-hoofbestuursvergadering die afgelope naweek verwag. Dít het nie gebeur nie. Moontlik is dit te wyte aan die feit dat die studiestuk met soveel feite vorendag kom en dááruit *logiese* gevolgtrekkings maak. Geen denkende mens met genoeg logika kan díe studiestuk as snert afmaak nie.

Dit is egter jammer dat daar nog mense in die ASB is wat die verantwoordelikheid van Suid-Afrika oor sy inwoners op die tuislande wil afskuif. Dit is onbegryplik dat 'n mens nie verantwoordelik kan voel vir mense wat al tot vyftien jaar in jou land woon nie - veral nadat jou eie mense hulle aangesê het om op 'n spesifieke plek te gaan woon.

Dat die hoofbestuur besluit het om die saak verder te voer deur 'n kommissie wat alternatiewe vir die huidige plakkershuisvesting moet ondersoek, is verblydend en getuig van die ASB se aktiwiteit.

KREATIEWE DENKE

Die beplande inisiatief wat die ASB gaan neem om die stigting van 'n private organisasie moontlik te maak wat inligting na die buiteland sal deurgee, getuig van kreatiewe denke, veral in die polities verwarde tyd waarin Suid-Afrika tans verkeer. Ook die ondersoek wat geloods word na die wet op die verbod op gemengde huwelike en artikel 16 van die ontugwet getuig van nuwe perspektiewe wat tot die jong Afrikaner begin deurdring.


DISAFFILIASIE

Nog minder as honderd studente op die dertien ASB-kampusse het te kenne gegee dat hulle van die ASB gaan disaffilieer. Dit kan een van twee dinge beteken: òf die ASB vind groot byval by die Afrikaanse studente (mag dit só wees!) òf die negatiewe affiliasiestelsel is nie eerlik nie en teer op die passiwiteit van die grootste gros studente.

Uit al die bedrywighede van die ASB is dit egter duidelik dat die ASB in 'n spesifieke rigting beweeg, dat hy dinge aanpak en nie meer skroom om sy sê te sê nie.

Redaksie 79

HOOFREDAKTEUR: Jan Kroeze, Klooster, Tel: 3468; 22246; 22151.
ASSISTENT-REDAKTEUR: Thomas Kruger, Klooster, Tel: 3468; 22246; 22151.
NUUSREDAKTRISE: Mariëtte van der Walt, De Wetstr. 5, Tel: 5429.
INTERUNIVERSITÊRE REDAKTEUR: Vakant.
RAADSREDAKTRISE: Marlian Kritzinger, Vergeet-My-Nie, Tel: 5211; 5212.
DIEPTEARTIKELREDAKTRISE: Marianne Slot, Tomstr. 26, Tel: 23429.
DAMESBLADREDAKTRISE: Vakant.
KOSHUISREDAKTRISE: Diana Roestorf, Vergeet-My-Nie, Tel: 5211; 5212.
KUNSBLADREDAKTEUR: Andre Howard, Klooster, Tel: 3468; 22246; 22151.
SPORTREDAKTEUR: Nico van der Westhuizen, Hombre, Tel: 7996; 23915.
VAALDRIEHOEKREDAKSIE: Koos Pretorius, Tel: 43915; Algerda van Dyk, Tel; 336 4356; Leon Botha, Tel: 33 7232.




# EGSKEIDING - 'N NUWE BEDELING

deur C. JANSE VAN RENSBURG

**'n Nuwe wet ten opsigte van egskeiding is vroeg dié jaar voor die Parlement gelê. Die wet poog om eerder te bepaal of die huwelik wel totaal gebroke is, as om een van die twee partye skuldig te bevind.**

Volgens die huidige wet kan egskeiding verkry word op grond van egbreuk, kwaadwillige verlating, ongeneeslike geestelike versteurdheid en indien een eggenoot as gewoontemisdadiger geklassifiseer word. Die wet is gebasseer op skuld; indien een party skuld erken kan die egskeiding binne 'n paar minute deur wees.

Die nadele van so 'n stelsel is duidelik; die hof kan maklik bedrieg word, die huwelik kan as wapen gebruik word om die party wat wil skei, aan 'n lewelose verbintenis vas te kluister. Daar is ook die gevaar dat een party in 'n emosionele toestand die huwelik mag be-eindig, terwyl toenadering en vergiffenis dalk nog die huwelik kon red.

Die nuwe wetgewing stel as enigste gronde vir egskeiding die onherstelbare gebrokenheid van die huwelik (met bybepalings vir geestelike versteurdheid en bewusteloosheid). Enigeen van die partye kan dus 'n egskeiding aanvra, en die hof sal bepaal of die huwelik inderdaad in alle opsigte op die rotse is.

Daar is ook bepalings in die wet wat kinders sowel as ouers van onaangename publisiteit sal beskerm. Slegs die name van die betrokkenes en die resultaat van die saak mag bekend gemaak word. Verder mag die egskeiding nie toegestaan word voordat daar voorsiening gemaak is vir die kinders tot die bevrediging van die hof nie. Die hof mag selfs 'n regsverteenwoordiger vir die kinders aanstel. Hof onkostes sal volgens inkomste en gedrag van 'n eggenoot bereken word, en mag selfs tussen die twee verdeel word.

Of die nuwe wet 'n sukses gaan wees, sal afhang van sy implementering; 'n streng hof kan egskeiding onder die nuwe wet selfs moeiliker maak as wat tans die geval is. Alles word oorgelaat aan die diskresie van die hof. Wat wel belangrik is, is dat alle belanghebbendes in ag geneem word, en die feit dat die onherroeplike gebrokenheid van 'n huwelik nie deur konvensies tot voortbestaan gedwing word nie.

## Uit die Woord

Neh. 4:9 "Maar ons het tot onse God gebid en om hulle ontwil 'n wag teen hulle uitgesit, dag en nag."

Nehemiá was geen profeet soos Samuel, geen priester soos Eli en ook geen skrifgeleerde soos sy tydgenoot en medewerker Esra nie. Hy was die hoofskinker, een van die hoogste ere-ampte aan die hof van koning Artaxerxes, koning van Persië. Nehemiá moes 'n hardwerkende, uiters begaafde idealis gewees het, met veel deursettingsvermoë want hy vorder in sy werk tot die hoogste sport. Sy prestasies is des te merkwaardiger as ons daarop let dat hy 'n Jood was wat in die land van die Perse in hul koningshuis so 'n belangrike vertrouelingsposisie beklee het. Nehemiá skitter as praktiese gelowige staatsman: 'n man van woord en daad. Maar voor die daad eers die **gebed** – hy was by uitstek die man van gebed.

Só vanselfsprekend was gebed deel van Nehemiá se lewe dat ons nie alleen van lang ernstige gebede verneem nie, maar ook van **kort skietgebede.** Dit is merkwaardig dat die geskrif en tussenin word gebede en gebedsdade beskryf.

Na die skokkende nuus oor die treurige vervalle toestand van Jerusalem en Israel, is Nehemiá in trane en hy vas en wend hom dadelik in die gebed tot God.

In sy voorbidding is daar drie hoofpilare waarop hy sy geloof in gebedsverhoring gegrond het:

- Hy aanbid die alleen ware God;
- God se belofte dat vergiffenis op grond van bekering geskenk sal word;
- die feit dat Israel God se uitverkore volk is. God verhoor die gebed en berei die weg voor vir die herbou van Jerusalem.

Maar dit was nie die einde van hierdie gelowige staatsman se probleme nie. Die vyande vorm 'n alliansie en probeer alles in hulle vermoë om opbou van die stad te verhinder.

Maar Nehemiá was geen mistieke dromer wat alle kontak met die werklikheid verloor het nie, inteendeel, hy tree baie sterk op: militêre voorsorgmaatreëls word getref. Met die troffel in die een hand en die swaard in die ander staan die Jode op die steiers. Sonder om sy afhanklikheid van die albestie-rende hand van God vir een oomblik nie te bely nie, maar ook sonder om sy verantwoordelikheid as geroepe leier vir een oomblik te vergeet, staan daar in volmaakte harmonie: " Maar ons het tot ons God gebid en om hulle ontwil 'n wag teen hulle uitgesit, dag en nag."

**UIT NO. 13**

**Lesers word vriendelik uitgenooi om briewe aan Die Wapad te stuur vir publikasie. Briewe mag onder skuilname geskryf word. Let egter asseblief daarop dat 'n volle naam en adres die brief moet vergesel - anders kan dit nie gepubliseer word nie. Ons waardeer u samewerking in dié verband - Red.**

## SSR-konsekwensie betwyfel

Geagte Redakteur,

Hoekom is die SR en HK's nie konsekwent wat betref die toepassing van die reëls in verband met dans op die PU nie?

Verlede jaar het baie koshuise danse gereël (amptelik of "nie-amptelik") vir hulle onderskeie afsluitingsfunksies. Die SSR en HK's was tog sekerlik nie doof of blind vir die gebeure nie?

Hoekom is daar nie opgetree nie?

Die huidige stand van sake bring mee dat dié reël en die optrede van die SR en HK's in verband daarmee in 'n klug ontwikkel het. Is die SR dan soos die VVO in die toepassing van regulasies?

Daar is myns insiens drie alternatiewe vir die oplossing van die probleem:

- Strenger optrede van die SR.
- Wysiging van die reël.
- Afskaffing van die reël.

Al bogenoemde optredes sal wyer reperkussies hê wat nie nou ter sprake is nie. Dit gaan nie nou om dans of nie dans nie, dit gaan om die toepassing van regulasies van die SSR.

Bekommerd.

## Dames- - rook bepleit

Geagte Redakteur,

Die woord "diskriminasie" is seker so jammer dat hy ooit gebore is, want as daar nou iets is wat holruggery is, is dit dié einste ou woordjie. Maar by die gebrek aan 'n beter woord, span ek hom maar weer in. Dié keer voor die wa van vroue-regte op die PU.

Soos C.J. van Rensenburg tereg opgemerk het, is ons dames moeg vir lopoplap speel in die beskutte speelhok van studentwees. Die loopring van gedoggies skryf oor hartseer wolke wat trane huil en peuter kleuter ikebana en grimering leer het ons reeds ontgroei in die prettige puberteit van matriek.

Dieselfde babawagter wat ons met Bollies wil besig hou, ontneem ons op 'n baie subtiele ek-is-baas-manier met ongeskrewe reëls van klein dingetjies en voorregte en regte op die kampus.

'n Man mag rook: sigaret, sigarello, sigaar en pyp: alles op die kampus. Rede: hy is 'n man. 'n Dame mag nie rook op die kampus nie (een van daardie ongeskrewe reëls wat altyd opduik en jou soos 'n krokodil met sy stert klap as jy dit die minste verwag.) Een tree buite die Puk-hek mag 'n dame blykbaar na hartelus haar rokie rook, maar pasop as sy dit waag om binne die terrein te rook: dan is dit sonde en verkeerd en doen die Puk-beeld skade.

Die rook wat 'n rokende (man of dame) in sy of haar longe intrek doen die Puk-beeld baie minder skade as wat smeerveldtogte oor trompoppies en die eng kleredragreëls van 'n paar jaar terug (terloops, min buitestaanders is daarvan bewus dat dit hersien is) die Puk-beeld doen.

Die storie van net "slegte" meisies wat rook, is nog 'n 1914 cliché wat ons gerus kan verleer. Soos party mense seëls versamel of valskerm spring, is rook maar net 'n tydverdryf .... en boonop is dit baie minder gevaarlik as om uit vliegtuie te spring met die hoop dat jou tent sambreeltjie sal oopgaan.

Toegegee, dit het 'n nadelige invloed op 'n mens se longe en dit is geld wat jy basies in vlamme opstuur, maar steeds kan ek nie sien wat enige student se longe en die volheid/leegheid van die betrokke student se beursie met die Puk-beeld te doen het nie - hetsy dit dame of man is.

Bring bietjie die kloutjie by die oor, geliefde, geagte nie-rokende Pukbehebte student.

"Pro-Rook"

## Morele waardes nie vergete

Geagte Redakteur,

Sommige mense het darem 'n wanindruk van die lewe. Ek verwys hier na bv. Estelle Oosthuizen en haar brief: ASB: reg of weg. Estella kry tog 'n bietjie perspektief op die lewe.

Die toegewings en hervormings wat die NP nou aangebring het, kon omtrent 10 jaar terug aangebring gewees het, die tyd was eenvoudig nog nie ryp daarvoor nie. Oorhaastige besluite het nog niemand iets in die sak gebring nie. Buitendien sou die buiteland ook nie tevrede gewees het met enige besluite nie. Die Russe wil ons land hê, nie ons beleid nie.

Die ASB is ook nie besig om hulle te beroep op hulle ou Sannas en ossewaens nie. Inteendeel, die ASB het 'n baie beter grondslag, nl. Christelik Nasionaal. Al het S.A. ook miljoene R1's, duisende Mirages en die lieflikste drome oor laser strale, die Russe het meer. Hulle het egter nie geloof nie en dit is wat vir S.A. die belangrikste is.

Om Christelik te wees, beteken ook om vaste beginsels te hê, dit wil sê Afrikanerdom en kultuur gebaseer op 'n Christelike grondslag. Wil jy nou hê dat ons ons morele waardes vir 'n oomblik moet vergeet? Sodra 'n mens dit doen, gaan alles verlore - dit kan jy sien aan die sedelike verval in die Europese lande.

Dankie dus aan die ASB. Dankie vir die voortbou van ons kultuur en goeie morele waardes. Laat mense soos Estelle maar praat, dit sal nie ontugwette verander nie. Dit sal ook nie die buiteland se monde snoer nie - wat weet hulle in elk geval van SA.

Laat ons eerder vorentoe kyk en ons hoop bou op God. Dit is al manier waarop ons staande kan bly.

**Astrix**

## Pasop vir uitverkoop

Die Redakteur,

Die PU vir CHO moet sy beeld **verkoop**. Die PU vir CHO moet vir hom 'n **goeie naam maak**. Hierdie slagspreuke het al clichés geword.

Op watter manier geskied dit dan gewoonlik? Alabama wat op sy beste 'n geskulariseerde weergawe van ons christelike blymoedigheid is? Ons sportmanne wat hulle nie eens as goeie sportmanne onderskei nie?

Nêrens is daar sprake dat die beeld wat uitgedra moet word, dié is van 'n christelike gemeenskap wat op ernstig wetenskaplike wyse die waarheid probeer navors en dan van hierdie waarheid in 'n gesekulariseerde wêreld getuig nie.

Die doel heilig die middele - die middele het tog immers 'n bietjie onkonvensioneel gelyk, gesien vanuit die doel. Wat is die doel?

Pas dit by 'n christen om sy beeld te verkoop? Kan 'n christen anders as om sy beeld te "verkoop"? Watter tipe beeld sou dit dan wees en hoe word dit dan verkoop? Watter "goeie naam" sou dit wees wat 'n christen vir homself sou kon maak? Is dit waarvoor hy op die aarde is? Is dit nie juis dié uitstaande kenmerk van die christen dat hy verafsku word nie?

Dit is dalk die hele dilemma van die PU vir CHO - hy kry dit nie reg om deur sy lewenswandel 'n appèl op **christene** te maak wat sy voortbestaan sou kon regverdig nie.

Begin Nou Dink

# NGK KRY DERDE KWEEKSKOOL

**Die Algemene sinode van die N.G. Kerk het aan die einde van Oktober 1978 'n teologiese fakulteit vir die NG Kerk aan UOVS goedgekeur.**

Ds S.S. Berry het reeds in 1975 so 'n voorstel ingedien en die Vrystaatse Sinode het byna eenparig daarvoor gestem. Die rede vir so 'n voorstel was volgens ds. Berry dat die instelling van die teologiese fakulteit vergemaklik sal word, omdat daar 'n goeie samewerking tussen die (UOVS) en die NG Kerk is.

UOVS sal dosente en lokale beskikbaar stel, en daarby sal 'n teologiese fakulteit by die Christelik-Nasionale grondslag van die Vrystaatse Universiteit pas, omdat talle professore reeds bewys het dat hulle die wetenskap in die lig van die Skrif beoefen.

'n Derde teologiese fakulteit sal nie die ander twee fakulteite nadelig tref nie, maar 'n beter persoonlikheidshervorming en beter verhoudinge tussen dosente en studente kan geskep word.

Indien finale goedkeuring van staatsweë verkry word, sal die fakulteit in 1980 die lig sien.



Dit was nie sonder rede dat iemand onder 'n skildery wat Nehemiá voorstel, geskryf het: Ora et labora! Bid en werk!

Op Universiteitskampusse het ons 'n sametrekking van hoogsbegaafde mense. Almal en indrukwekkendste lugkasteele word gebou. Dit gaan nie altyd so maklik nie. Jy moet ook werk. Maar om net te werk is ook nie genoeg nie. Die gelowige het te kampe met oneindig baie probleme. Om dit te oorkom is daar net een uitweg: gebed. Dit het die Here Jesus ook vir sy volgelinge geleer: om te bid sonder ophou. Hy het self die voorbeeld gestel. Hy het hom dikwels afgesonder vir die gebed. Soms het Hy 'n hele nag deur gebid.

Hoe bevoorreg is ons nie. Ons weet selfs meer van die geopenbaarde wil van God as Nehemiá. Ons weet dat alles wat ons die Vader in die Naam van sy Seun vra, sal ons ontvang. Daarom dat ook in die Nuwe Testament nooit van gebedsverhoring in die algemeen gepraat word nie, maar altyd binne die bepaalde verband: gekoppel aan die Naam van Jesus.

Die antwoorde op die gelowige se probleme is nie altyd voor die handliggend nie. Die gelowige moet hom ook inspan in die ontvang van God se genadebeloftes. Daarom is dit nodig dat daar gewerk, maar ook gedurigdeur gebid word. Om net te bid en met gevoude hande te bly sit mag ook nie. Getrou en ywerig moet die gelowige sy werk doen ... nog getrouer en yweriger moet die gelowige God om genade smeek. So alleen sal ons geseënd kan bou in ons geestelike lewens, aan ons ideale en in die koninkryk van God. ORA ET LABORA!

# Studente moet begin dink

deur Politiese Perspektief

Die Inligtingsdebakel is teen dié tyd al taamlik ou nuus, en daar is baie mense wat nie eers meer die berigte wat nog daaroor in die dagblaaie verskyn, wil lees nie. Nou is die beste tyd om van die hele onsmaaklike saak te vergeet; dit is net die Opposisie wat nog van die laaste bietjie skindernuus gebruik maak om die Regering in 'n lastige posisie te plaas. Buitendien is daar belangrike sake wat op die aandag van die Volksraad wag, en daar kan nie langer met hierdie skinderstories tyd gemors word nie. In hoofsaak is dit enkele van die argumente wat vandag deur 'n groot klomp mense geopper word. Ander wil ook graag van die hele Inligtingsverhaal vergeet, al is dit dan net tydelik, totdat die Erasmus-kommissie alle skinderveldtogte en propaganda finaal die nek inslaan met sy finale verslag.

In hoofsaak is dit ook die houding wat deur die regerende party se optrede gesuggereer word. Daar is egter belangriker werk wat wag, en buitendien moet die verslag van die Erasmuskommissie nog bekend gemaak word. In hierdie trant kry die nuwe grondwetlike bedeling wat voorgestel is, skielik (of dalk nie so skielik nie) weer baie aandag; hopelik is daar nog genoeg vertroue in die regering oor om dit te laat slaag.

Ten spyte van hierdie houding, beide aan die kant van 'n groot deel van die burger-publiek en aan die kant van 'n ewe groot groep politici, lyk dit asof die pers die gewese departement van inligting slegs met groot teësinnigheid gaan los. Dit lyk inderdaad of daar telkens iets nuuts uitgesnuffel word, waarvan die publiek nog niks weet nie. Vir 'n verandering wil dit lyk of dit nie net die tradisionele 'Engelse pers' is wat die regering wil afkraak nie, maar ál die koerante en media neem deel aan die diskussie. Selfs nou nog, etlike maande na die onthulling van die eerste gegewens in die hele spektakel, vind verskeie koerantredakteurs, ook die van Afrikaanse koerante, dit byna daagliks nodig om nog die een en ander oor die besigheid in 'n hoofberig te skryf; selfs al is dit net 'n herhaalde waarskuwing en vermaning om die stof toe te laat om te gaan lê.

Dit is, gesien die unieke posisie van die student in sy gemeenskap, belangrik dat elke student vir homself antwoorde sal vind op die belangrike vrae wat uit hierdie bykans ongekende situasie in ons binnelandse politiek voortspruit. In 'n rustige en stabiele gemeenskap is dit ongelukkig sô dat die deursnee-student, en dan veral die Afrikaanse student, so seker van homself en so tevrede met homself en sy situasie is, dat hy eintlik te min vrae het vir al sy selfversekerde antwoorde. Eintlik bestaan daar geen groter probleme, as om op die regte tyd en plek genoeg geld en meisies te kan optower nie. En nou, skielik, blyk daar wel vrae te wees; daar is probleme. Of is die feit dat 'n kommissie van die hoogste integriteit bepaalde leiers skuldig bevind op klagtes van die ergste aard, geen probleem nie?

Dit raak tyd dat die Afrikaanse student skielik begin dink; vir homself begin dink, as sy vertroude en bekende leiers moet bedank vanweë onbekwame hantering van hulle portefeuljes, wanneer feite dui op wanbesteding en bedrog deur hoë amptenare. Dit word nog meer kritiek wanneer daar 'n onopgeloste en knaende agterdog bly hang oor die onskuld van ander leiers, van ander amptenare. Hoë amptenare se optrede skyn neer te kom op 'n uitdaging en minagting van ons gereg; daar vind 'n onbekende konfrontasie plaas tussen die Eerste Minister en 'n regter - lg. se opdrag word opgeskort; persone verdwyn uit die land en "word nie gevind nie"; die Opposisie boikot 'n ere-toekenning aan die Staatspresident. Al hierdie dinge is geheel vreemd aan die Suid-Afrikaanse politiek.

Die feite van die Inligtingskandaal is nog nie alles bekend nie; dit sal dalk nooit heeltemal bekendgemaak word nie; dalk is daar nog baie meer skokkende dinge; dalk is daar niks meer om te weet nie. Die situasie is met ander woorde onseker. Een belangrike ding vloei egter daaruit voort: die skrif is duidelik aan die muur vir die student - die tyd en die omstandighede was nog nooit beter om te begin dink nie. Vergeet van al die regverdigings en al die antwoorde, daar is al te veel antwoorde; die probleem is dat daar te min vrae is. Hoe kan 'n mens iemand vertrou as hy nog nooit die vraag durf vra het of hy betroubaar is nie? Nog belangriker is dat studentejare 'n belangrike vormingstyd in 'n student se politieke ontwikkeling is en dus gebruik moet word.

Elke student moet nou besluit wat hy van regter Mostert se optrede, van die Eerste Minister se uitdaging aan die Opposisie, dat 'n verkiesing gehou kan word as hulle bewys dat ander Kabinetslede by die hele saak betrokke was en van dr. Mulder se bedanking dink. **Behalwe antwoorde moet studente ook begin vrae vra.**

**Politiese Perspektief is 'n publikasie van die Publikasiekomitee van die Politiese Raad aan die PU vir CHO. Hierdie artikel weerspieël nie die amptelike standpunt van die Politiese Raad nie, maar is slegs bedoel om belangstelling aan te wakker.**

# Spektrum 1979

## SÊR VERRAS WEER

**'n Besliste hoogtepunt van Karnaval '79 was die gemengde sêr finale. Vier groepe het deurgedring te wete - Klooster en Klawerhof die wenners - en in volgorde Amajuba en Kasteel, Oosterhof en Overs, Hombré en Wag 'n Bietjie.**

Veral van die wenners en naaswenners kan gesê word dat hulle musikale afwerking en verwerking van 'n besondere standaard was. Mnr. Awie van Wyk, een van diè beoordelaars, was ook van mening dat 'n hoë standaard deurgaans gehandhaaf is. Komende van hom - 'n pluimpie.

'n Paar dinge waarteen daar gewaak moet word, en wat wel teenwoordig was, is: die sêr-karakter moet nie prysgegee word vir 'n kooratmosfeer ter wille van harmonie nie, en as daar lede met sterk stemme in die groep is, moet hulle gedemp word om nie die geheel effek te bederf nie.

Die keuse van liedjies was besonder geslaagd, miskien net ABBA se musiek wat 'n sterk instrumentasie nodig het, gaan nie heeltemal as sêrlied op nie.

Sprankel en spontaneïteit was duidelik by almal te vinde en met 'n entoesiastiese gehoor wat luidkeels toegejuig het - 'n suksesvolle aanbieding.

## SJORDÉ ONTBLOOT MENSE

**Die Departement Spraakleer en Drama se etensuurkonserte, Sjorde, neem 'n aanvang op 5 Maart met "Mense?!"**

Die program beloof om toeskouers heerlik te laat lag, 'n bietjie te laat dink en baie te laat geniet.

'n Episode in "Mense?!" begin as die reën twee ywerige tuiniers se skoudahlias platslaan en die dominee se vrou se pronkblomme helder teen die blou lug staan. Die vraag ontstaan dan wie sterk genoeg gaan wees om die blomme te laat behou.

Die einde van die stuk laat mens verwonderd oor die onvermoë van die mens om die omstandighede waarin hy hom bevind te aanvaar.

Kaartjies is by die sekretaresse van die Spraakleer en Drama departement teen R1,00 elk te koop.

# Uitstalling te kommersieel

- John R. Botha -

**Na aanleiding van die versameling skilderye wat vanaf 20 tot 23 Februarie as 'n "kunsuitstalling" in die Totiussaal van die PU vir CHO aangebied is, is daar verskeie vrae wat gestel kan word, sowel as sekere aannames wat gemaak moet word. Die vrae is onder meer: "Wat is kuns?" Wat behels 'n "kunsuitstalling"? Wie bepaal die relatiewe en normatiewe maatstawwe van "kunswerke"?**

In baie breë trekke en as antwoorde op bogenoemde vrae die volgende opsomming: Kuns, en die beoefening daarvan as 'n God-gegewe werklikheid, gebeur ten beste op kreatiewe vlak na aanleiding van 'n innerlike noodsaaklikheid en met boodskaplike waarde as gevolg van inhoud. Die skilderkuns veronderstel 'n artistieke werklikheid waarby 'n derde dimensie betrek word as deel van die estetiese doel. Hierteenoor is daar die ontwerpkuns wat suiwer bedoel is om 'n plesier vir die oog te wees en in die uitstalling onder bespreking word die estetiese doeleindes van die skilderkuns telkemale verwar met die selfstandige ontwerpkuns, aangesien dit duidelik is dat verskeie van die kunstenaars slegs daarop mik om 'n plesiertjie vir die oog te skep. Celia Walsch Diehl se blomstudies, dié van Otto Klar sowel as sommige van die "Miniatuurtjies" van E.M. Clur, wat nie op die katalogus verskyn nie, is van die werke wat meer blatant hieraan skuldig is.

'n Kunsuitstalling se doel is primêr die smaakvolle aanbieding van die betrokke kunswerke op 'n manier wat die waardering daarvan moet verhoog. Op hierdie uitstalling was daar te veel werke van swak gehalte wat estetiese kommunikasie met die enkele beter werke belemmer het en die plek, sowel as manier van aanbieding, het gesorg vir die nekslag.

Ten opsigte van die kunswerke self, was dit 'n atmosfeer van kommersialisme wat oorheers het. Is dit dan die verkope wat die belangrikste normatiewe bepalende faktor geword het? In dié geval is dit blykbaar waar en kom die woorde "goeie smaak" ongelukkig glad nie in die prentjie nie, want dit wil voorkom asof die "gemiddelde" waardeerder van só 'n uitstalling nie verder ontwikkel as die blote "lees" of beskrywing van 'n kunswerk nie. Ons hedendaagse tradisionele-realistiese kuns vereis geen meer moeite as slegs die herken van die prentjie nie en dan moét die prentjie mooi wees.

Die volgende stappe in kunswaardering, naamlik interpretasie en evaluering, is iets waarby bogenoemde "gemiddelde" kunswaardeerder glad nie uitkom nie.

Op 'n uitstalling soos dié in die Totiussaal was dit in elk geval bykans onnodig. Dit het sekerlik 'n populêre smaak bevredig, net soos wat kommersiële radiostasies sal, omdat dit in beide gevalle die minimum betrokkenheid vanaf die luisteraar of waardeerder vereis.

John R. Botha

# Astermodes fnuik koue

**Aster het op Maandagaand, 26 Februarie, haar debuut vir 1979 gemaak met die aanbieding van 'n modeparade in die Totiussaal. Die klere wat vertoon is, is deur Foschini beskikbaar gestel en deur modelle van die Beulah Baker sjarmeskool aangebied.**

Die modes het gewissel van ligte ontspanningsdrag tot deftige aandklere en dit is in besonder geïnspireer deur die modes van die veertigerjare. Uitstaande kenmerke sluit in die nousluitende romp met militêre dubbelbors en pofskouer-baadjies. Die dramatiese effek wat deur die klein pildooshoedjies geskep word, is die volmaakte afronding vir hierdie uitrusting. Dat daar hierdie jaar wel groot klem op bybehore val, is duidelik uit die feit dat elke uitrusting afgerond word met lang stringe krale of pêrels, kompakte koeverthandsakkies. Die alombekende "stovepipe" broek vier nog steeds hoogty en sal hierdie winter gekombineer met kuitstewels en kort baadjies waarskynlik 'n modegier wat die meeste byval by die Puk-dames sal vind.

Die kleure wat dié winter veral op die voorgrond sal wees, is by uitstek skakerings van maroen, pruimkleur en vuil pienk. Ruil en pas is soos gewoonlik weer die wagwoord vir smaakvolle, dog ekonomiese uitrustings en met oordeelkundige aankope kan elke dame met die mode tred hou en tog nie haar begroting oorskry nie.

Wat aanddrag betref, is swart weer die dominerende kleur met bybehore van pels en satyn.

Die modes vertoon oor die algemeen hierdie jaar meer gesofistikeerd as verlede jaar, veral die fyner skoene en klem wat gelê word op kort stewels.

# INES AAB-TAMSEN STAL UIT

- Mynderd Vosloo -

**'n Uitstalling van monotipes, oliepastelle en waterverf deur INES AAB-TAMSEN is tot die 16de Maart in die kunslokaal van die Frans du Toitgebou te besigtig.**

Sy neem deurgaans die visueel waarneembare werklikheid as vertrekpunt. Dit is egter in die monotipes "Sudden Squall," en "Wind in my Sails", waar inhoud die vorm begin oorheers en dit neig na die figuratiewe abstrakte. Dit is veral die hoë horisonlyn en die oorheersende blou wat hier tot die inhoud van stormagtigheid bydra.

Van die drie media wat gebruik is, is dit dan ook die monotipes wat as die mees bevredigende na vore tree. Hierdie relatief moeilike medium word besonder vaardig deur die kunstenaars beheer. Die hoogtepunt hier is "Loss of identity", 'n werk met 'n sterk Battiss-inslag. Die landskappe is tegnies goed maar bly ongelukkig net prentjies van bome en gras. Die rou gebruik van blou en geel in die monotipe "Vrugte" doen sterk afbreek aan die tema.

Alhoewel oliepastel en monotipes verskillende media is, bly dit steeds estetiese werklikhede op die plat vlak wat vergelyk kan word. Dit is jammer om te sê dat die oliepastelle nie van dieselfde standaard is as die monotipes nie. Daar word hier geneig na 'n effense sentimentaliteit wat nie versoenbaar is met die monotipes of selfs die waterverwe nie. Hier kan verwys word na "Dahlias" en die drie sketsies van die "Kat". Die werk "Pere", wat op 'n rooibruin agtergrond met die pastelle gedoen is, is tegnies goed afgerond. Dis al.

Opvallend van die waterverwe ('n moeilike medium) is die eenvoud daarvan. Dit is egter jammer dat die horisonlyn te duidelik gedefinieer word, want dit doen afbreuk aan die visuele diepte in die werke. Die oorheersende koel bloue en groene wat hier gebruik is, verhinder dat die oog 'n definitiewe fokuspunt vind. Die gelukkigste werk in hierdie afdeling is "Rotse". Die rowwe tekstuur in die rotse veroorsaak 'n duidelike skeiding tussen voor en agtergrond. Dit versterk ook die effek van diepte. Dit is egter jammer dat hierdie werk sketsmatig is, want kleurvlakke (en nie net lyn nie) sou die afsonderlike komponente hegter gebind het.

In die geheel gesien, is die werke op hierdie uitstalling bogemiddeld en verdien dit 'n besoek deur elke student.

# Skuiwergat

## DEUR GRIMALDI

**"Art is a lie that enables us to realize the truth."**

**- Pablo Picasso**

Realisme in die skilder- en beeldhoukuns het teen die einde van die negentiende eeu só ver gegaan dat reaksie onmoontlik was.

Met realisme word nie noodwendig 'n direkte weergawe van die werklikheid bedoel nie. Daar is twee maniere waarop realisme verstaan kan word.

Een van die vorme van realisme in die kuns, is die nabootsing of "fotografiese" weergawe van die werklikheid, met die klem op die vorm en kleur.

Die verwagte mikpunt in die skildery of beeld word selde indien ooit bereik - as dit wel voor oë gestel word!

Die ander konsep van die realisme streef nie na die sogenaamde visuele getrouheid nie, maar verstaan die "werklikheid" op emosionele wyse.

'n Skildery wat geen trekke van 'n fotografiese weergawe van die werklikheid het nie, wat selfs 'n karikatuur kan wees, kan 'n groter boodskap dra as die werk wat 'n visueel getroue weergawe ten doel het.

**SUID-AFRIKAANSE KUNSVERENIGING (WES-TRANSVAAL)**

**SOUTH AFRICAN ASSOCIATION OF ARTS (WESTERN TRANSVAAL)**

| Aansoek om Lidmaatskap<br>Bevestiging van lidmaatskap | Application for Membership<br>Confirmation of Membership |
|---|---|

Prof./Dr./Mnr./Mev./Mej./Mr./Mrs./Miss. ............ Datum/Date ............

............................................................

Adres/Address ............................................................

............................................................

☎ Huis/Home .............................. Kantoor/Office ..............................

JAARLIKSE LEDEGELD/ANNUAL MEMBERSHIP FEE

| | |
|---|---|
| A Toetreegeld/Entry Fee ............ | R 0,50 |
| B Individu/Individual ............ | R 3,50 |
| C Skoliere en Studente/Pupils and Students ............ | R 1,50 |
| D Lewenslede/Life Members ............ | R31,00 |
| E Getroude Paar/Married Couple ............ | R 5,00 |
| F Donasies/Donations ............ | R |

Geliewe gewenste bedrag te stuur aan:
Please forward the applicable amount to:

Die Sekretaris
Posbus 20147
NOORDBRUG
2522

The Secretary
P.O. Box 20147
NOORDBRUG
2522

Kwitansie nr./Receipt no. ............................

Naam/Name ............................................................

Adres/Address ............................................................

Bedrag/Amount ............................................ R

Studente wat lede wil word van die Suid-Afrikaanse kunsvereniging (Wes-Transvaal), kan die bygaande vormpie invul en stuur aan die genoemde adres.

# Poplap



## Poplap sê 'lo . . .

**ONS IS** terug hierdie week met 'n hele volblad-sê. As die Karnavalgees mens so met 'n lekker loslyf-heupswaai tegemoet kom; wie sal dan nie sê: "dis lekker om 'n Puk te wees!" Of hoe eerstejaars? Poplap het so tussen al die bedrywighede 'n rukkie gaan stilsit en dink oor die hoekom's en waarom's en waarvoor's van Karnaval. Vroumense sien rondjaag in die mansmense se heiligdomme en Kapitaalskatjies sien swoeg en sweet - vir 'n bietjie studentepret? Is dit regtig die moeite werd?

## N.S.

**VERSTAAN** jy nou hoekom daar Karnaval is - hoekom jy ook Karnaval moet hou. Iemand, êrens wat jy nie eens weet nie, het jou nodig; jou vrouwees, jou manier van meedoen in Karnaval. Dis nog nie te laat om te help nie. Vir die groentjies van Karnaval en vir die wat totsiens sê vir die Puk in '79 - geniet Karnaval. Hou Karnaval soos net 'n Puk, 'n Puk-aster dit kan hou. En as Maandag aanbreek, sterkte vir die wat moet lesings inhaal, klasdraf en toets skryf en nog sleep/slaap ook. Tot oor veertien dae . . .

Groete
Poplap.

## Karnavalgeld geld SGD

**DIE NETTO** wins van Karnaval '79 word aan SGD (Studente-Gemeenskapsdiens) oorgedra. SGD wil studente betrek by dienslewering aan die gemeenskap waarin hulle woon.

SGD wat in 1978 gestig is, se dienste aan die verskillende bevolkingsgroepe, is van mekaar geskei sodat daar op 'n meer effektiewe wyse in die behoeftes voorsien kan word.

Kursusse in sport en akademie word vir blanke skoolkinders beoog. Kinders in wees- en kinderhuise word vir naweke en vakansies vir uitstappies geneem.

Vermaaklikheidsprogramme word vir bejaardes beoog. Bybelgedeeltes word op band geneem vir die wat nie meer kan lees nie. Hulp word verleen wanneer die bejaardes gaan inkopies doen.

Die gemeenskapsdiens aan Swart- en Bruin-mense omvat 'n wyer spektrum. Hierdie dienste behels sport en ontspanning. Dit sal gedoen word met die daarstelling van fasiliteite vir sportklubs.

Kultuuropvoeding, onderwys en opvoeding is nog dienste wat beoog word. Met hierdie dienste sal swak presteerders spesiale klasse ontvang. Paramediese dienste en sosiaal-maatskaplike dienste word ook beoog.

Elke student is met hierdie diens gemoeid. Studente word by hierdie diens betrek deur samesprekings oor aktuele onderwerpe.

Poplap vra die dames om hulle volle gewig by die Karnavalaksies in te gooi en só te help om hierdie gemeenskapsdiens 'n sukses te maak.

## Karnavaldeelname deur dames beskou

**DIT IS** weer Karnavaltyd in Potchefstroom en oral sien 'n mens die vrolikheid wat met die Pukke se Karnaval kop uitsteek. Dis feesvier en meeding op al wat gebied is en almal "vang" net gees, om van hierdie Karnaval weer iets groots te maak.

Orals word skopfietse en trapkarre uit te stof gehaal. Die wiele word geolie en verbeterings word weereens aangebring, sodat hul nog beter en vinniger kan loop.

Deesdae vind 'n mens die neiging by die Puk-dames om op alle gebiede mee te ding en só samel hulle punte vir hulle koshuise in. Selfs in die sportsoorte wat meer vir die manlike geslag ingestel is, soos trapkarwedrenne, fietstoere en selfs sokkerspanne word saamgestel wat dan teen mekaar sal meeding.

Daar word oral hard geoefen vir die deelname aan die kompetisies en wedrenne. Dit is duidelik dat die dames beslis alle liggaamskragte inspan om net hulle beste te lewer.

Die vraag kan gevra word of dit nie miskien afbreek doen aan die dame se vroulikheid om saam met die mans aan dié tipe kompetisie deel te neem nie. Om werklik die algemene student se mening te kry, is daar met 'n paar studente geskakel en die reaksie was oor die algemeen positief.

Mej. Erika Theron, sekretaresse van die Huishoudkunde vereniging voel dat 'n mens tydens Karnaval alles doen net vir die grap en spangees van jou koshuis. Sy voel tog dat dit nie goed gepraat kan word wanneer dit as voltydse sport beoefen word nie, omdat dit nie pas by die vroulike karakter nie. Sy sê ook dat dit haar tog opval dat dit juis die vroulike dames is wat tydens Karnaval aan die dinge deelneem. Die dames is dus steeds bewus van hulle vroulikheid en doen dit dus slegs vir die doel daaraan verbonde.

Mej. Retha Gey van Pittius sê dat sy deelneem slegs vir die gees van die Karnavaltyd en dat dit buitendien goeie oefening is. Sy voel dat sy respek het vir iemand wat die moed het om so iets te doen vir Karnaval en dan nog kan deurdruk tot die einde toe.

Mej. Ina Becker, 'n B.Sc II-student, voel dat dit nie bevorderlik is vir vroulikheid nie, maar aan die anderkant kan 'n persoon so 'n aksie nie as totaal afbrekend vir vroulikheid beskou nie. Dit is nou eenmaal deel van elke mens se studentewees om voluit te gaan vir alles wat studente-aksies jou bied. In sulke gevalle soos trapkarwedrenne en fietstoere wat slegs tydens Karnaval plaasvind kan die dames maar net weet dat dit slegs waardeer word as hulle alles in die stryd werp. Die hele doel van Karnaval is om saam met al jou medestudente 'n groepsgees op te bou. Deur wel mee te ding saam met die mans op sportgebied wat vroeër nie as bevorderlik vir vroulikheid gesien is nie, kan 'n dame wys dat haar student-wees nog vir haar beteken om saam vrolik jonk te wees.

Die mans se reaksie was ook positief. Mnr. Ben Botha van Amajuba is sterk ten gunste daarvan dat dames aan die bedrywighede deelneem en voel dat 'n dame niks van haar vroulikheid verloor wanneer sy byvoorbeeld 'n trapkar trap nie. Hy voel dat dié dames eerder meer respek afdwing omdat hulle dit doen vir die spangees daaraan verbonde. Hy voel dat as 'n dame die uithouvermoë het om aan so iets deel te neem, toon dit net haar positiewe gees.

Mnr. Isak Venter voel dat die deelname juis dui op die kontras tussen die manlike en vroulike geslag deurdat die uithouvermoë en die tydsduur van die wedren verskillend is. Dit is niks anders as groot pret om te kyk hoe die dames die pyp rook nie.

## Kapitaalskatjie skryf:

**NOU, NÁ** alles, kan 'n mens terugsit en sê: "Dit was goed"; maar nie sonder om te onthou dat daar 'n lang pad met baie trane en woede en afjakke agter die rug lê nie. Dan sal ek darem ook sondig as ek nie die warme handdrukke, vriendelikheid en kloppies op die skouer noem nie.

Het 'n rooi kar julle al ooit so begeester soos vir my? Mense, hier aan die begin van my kapitaalskatjieveldtog was my lewe net een droom. Ek het reeds in die rooi Golf rondgery en al wat leef en beef belowe om hulle rond te karjakker in mý (L.W.) rooi motor. Nodeloos om te sê: die drome het aan skerwe verflenter na die eerste vrugtelose gebedel in 'n groot stad waar ek gedink het die geld vloei en dis net 'n kwessie van hoe bak jy jou hand gaan hou, hoeveel geld gaan tuimel!

Dit is dán wanneer 'n mens gaan sit en dink waarom jy sulke impulsiewe en onbesonne dade aanvang. Dit is eers baie later dat die lokprent van 'n vinkrooi ryding vervaag en ander dryfvere in jou kom nes maak, dat jy besef dit gaan nie om eerste wees of watter prys jy kan losslaan nie, maar om die ding wat in jou brandgesteek word.

Eerlik moet ek ook erken dat die dryfveer nie die goeie daad is wat ek sou doen, nl. om geld in te vorder vir liefdadigheid nie, maar wel daardie ietsie wat jou laat ontdek dat die wêreld vol sprankelende mense is, en dat jy deel uitmaak daarvan!

'n Mens leef so eng dat jou klein paradys soms vir jou begin noustrop trek. Dis heerlik om mense in hul eie voorkamer of privaatkantoor te ontdek. Dis soveel anders as die strakgesig plooivoorkoppe wat tydens etensuur in die stad by jou verbyskuur.

En die afjakke en botheid het jou soms só ontmoedig dat jy lus had om die volgende kandidaat te lyf te gaan . . . 'n Mens leer so baie dinge, selfbeheersing, om maar die lysie kort te hou.


Dis een klein ontdekkingsreis; van jouself en daardie geslote gesigte rondom jou. Dit maak jou méns.

Dis harde werk, dis renoster-vel-wees, dis woede en trane, dis lag - dis jy en ander mense en nie meer net jý nie.

Kapitaalskatjie 1979/80, veroorloof my die prekie: droom, maar wees steeds nugter. Weet waarvoor jy jou inlaat want dis geen modeparade met 'n glimlaggie hier en 'n knypie daar nie. Dit beteken opoffering, wérk . . . maar dis lekker!

**'Skatjie**

# Sport



*Toby Venter van Oppikant wys sy slag met die motorfietsveldren Saterdag, 25 Maart, op die Weermaggronde.*

# PU DUIKERS VIND LYK

**Die lyk van mnr. P. Els, wat Saterdagmiddag in die Klipdrifdam buite Potchefstroom verdrink het, is vroeg Maandagoggend, 26 Februarie, deur lede van die PU-duikklub en die polisie uitgeduik.**

Die polisie het Sondag by die duikklub hulp gevra om die lyk van mnr. P. Els te vind. Hulle het toe met 'n sirkelvormige soektog na mnr. Els gesoek, maar aanvanklik niks gevind nie. 'n Ruitpatroon is die middag met behulp van toue en boeie uitgelê om sodoende die soektog uit te sprei.

Die soektog is Maandagoggend vanaf half-ses voortgesit. Die water was só vuil dat die sig tot twee meter beperk was. Dit sou dus onnodig wees om vir dagbreek te wag.

Die duikers het aan mekaar se harnaste vasgehou terwyl hulle afgesak het en moes voel-voel soek.

Die lyk is na die eerste sweep, 'n veeslag, gevind. Die lyk is later deur 'n polisielykswa weggeneem.

Die duikers, mnre. E. Naude, G. van der Walt, B. Joubert en E. du Plessis van die PU-duikklub en mnr. A. de Villiers van die polisie het daarna koffie by die eienares van die plaas gekry.

Die PU-duikklub waarsku die Pukke om die water met respek te behandel, aangesien 'n ongeluk so maklik kan gebeur.

# USV VLIEG MET CESSNA

**'n Rooi en wit Cessna (ZSJYU) het verlede jaar sy lugbedrywighede oor Stellenbosch begin. Die Cessna was die toevoeging van die USV, die vliegklub van die Universiteit van Stellenbosch.**

Die lede van die vliegklub het altyd gebruik gemaak van gehuurde vliegtuie, maar in Februarie 1978 het die klub sy eie aangekoop.

Op die oomblik bestaan die USV reeds uit 100 lede waaronder studente, oudstudente, en personeel val. Daar is een-en-dertig lede nog besig met opleiding, vyftig wat met lisensies kan spog en die res is daar vir die sosiale sy aan vlieg verbonde. Die klub het ook ses handelsvlieëniers waaronder vier instrukteurs en twee instrumentgradeerders.

Die vliegklub het ook al 'n intervarsity teen Wits-vliegklub gehad waarin USV die eerste plek in die landingskompetisie en 'n tweede plek in die navigasiekompetisie ingepalm het.

Dis nie net mans wat belangstel in vlieg nie, maar twee dames is besig met hul opleiding terwyl 'n derde reeds in besit is van 'n privaat vlieënierslisensie.

GEDRUK DEUR PROMEDIA

# ATLETIEK - DIS DUISEND

**DIE** Standard Bank-atletiekintervarsity is ook die eerste intervarsity wat op die Ken Mac Arthur atletiekbaan aangebied sal word. Dit vind plaas op Vrydagaand, 9 Maart, om 19h00. Die intervarsity sal plaasvind tussen PUKKE, KOVSIES en RAU, en sal ongeveer een-en-'n-driekwart-uur duur. Bekende Puk-atlete wat sal deelneem is Dawie Malan (paalspring), Piet Goossen (skyfwerp), Tommie Ferreira, Christo Botha en Jurie van der Walt (aldrie 400 m). Onder die dames is daar Alta Stander (400m), Nanda Barnard (hoogspring), Isabel Malan (verspring), en andere. Die Pukspan sal gekies word na afloop van die Puk-kampioenskappe op Woensdag, 28 Februarie.

Bekende UOVS-atlete is die Springbok, Sarina Mostert (1 500 m), Stefan Fourie (400 m), Sandra Barnard (100 en 200 m), Abel de Kok (800 m) en Willie Olivier (verspring). Die volgende RAUtjies sal ook deelneem: die Springbok Esther van Zyl (1500 m), Johan van der Merwe (verspring) Leslie Archer 100 en 200 m en Johan Adriaanse (400 m).

# WIE WAT WAAR WANNEER WAAROM

## FOTIEK-KARNAVAL-FOTOWEDSTRYD

**FOTIEK** het weer 'n fotowedstryd uitgeskryf. Die tema i Karnaval en enige foto's of skyfies wat oor hierdie onderwer handel, kan ingeskryf word.

Die sluitingsdatum is 6 April sodat daar genoeg tyd is om di foto's te ontwikkel of te laat ontwikkel.

Alle studente mag inskryf en enige aantal inskrywings i welkom. Die naam en adres van die deelnemer moet duideli op die foto's of skyfies aangebring word.

Die pryswenners sal na die vakansie bekend gemaak word

## AKTUEEL '81

**DIE** Aktueel '81 Tweedejaarskamp word aangebied vanaf 1 tot 18 Maart.

Die skietlys open Woensdag 7 Maart en daar kan tot Vrydag 9 Maart tussen 13h00 en 14h00 by die SSR-kantoor geskie word.

# Wapadjies

**Bel Jacques by 3468 (Klooster) en laat 'n boodskap.**

**HOU S.A. SKOON:**
Die Bult-Droogskoonmakery en wassery, Uitsigarkade, reken vinnig en flink af met ghries-merke, vetkolle en ander vorms van besoedeling. Kledingstukke binne slegs 80 minute droogskoongemaak. Wasgoed binne 'n halfdag gewas en gestryk.
Ure: Maandag tot Vrydag - 7vm. tot 5.30nm. Saterdag - 8vm. tot 1nm.

**KIES & KEUR:**
Lyk jou kamer soos Vaalwater? Kry 'n poster by Kies & Keur! Va jou knope af, nate trek los? Naaldwerkbenodigdhede galore by Kies & Keur! Behalwe materiaal, hoede, kunsblomme en mandjies, het ons nog stapels en stapels ander goed. Vat 'n dag af en kom snuffel rond by:-
Kies & Keur, Tomstraat 98.

**MOOI BLY?:**
Kom kyk na ons groot verskeidenheid parfuum, verslankingsmiddels, proteïnvoedsel en skoonheidsmiddels vir 'n jaar van skoonheid wat voorlê. Die Bult Apteek, Tomstraat 88B & C, Potchefstroom. Tel. 5943.

**BLY RY EN RY BLY:**
Nigrini Batterye is die naam as jy jou kar wegspringgereed wil hou - sonder sweet, sonder bloeddruk en teen 40% korting, spesiaal vir PUK-studente lag jy heelpad bank toe op sakgelddag. Storm sommer nou na Lombardstraat 27 vir jou battery. Tel. 7805.

**STAAK DIE GESUKKEL:**
Staak die gekekkel. Sê dit liewer met blomme. Blomme betuig liefde, inspireer, troos, sê dankie. Al wat jy moet doen is om jou gesig by die geleentheid te laat pas. HUIS EN TUIN het die blomme, kom soek jou sêgoed by ons. Tomstraat, Potch.

**HOOR EN SIEN VERGAAN?:**
Radio- en TV-dienste het 'n wye reeks batterye vir rekenaars, horlosies, radio's of wat ook al.

Ons kitsrekenaars en Aiwa stereo audioversterkers vir motorradio's is ons trots - die beste in Potch, Lombardstraat 42.

**WIE WIL TROU?**
Ons het kortpad vir jou; besoek Elwinna, Santam-deurloop; Tel. 5412, vir daardie mooiste troutrek vir jou.

**BLOMME, BLOMME, BLOMME:**
Ruikers, groot en klein, lieflike vars snyblomme en potplante wat jou jarelank geluk sal gee, is altyd te kry by FLEURETTE BLOEMISTE. Ons het ook ingevoerde syblomme wat so mooi is dat jy nie kan ophou kyk daarna nie. Maak gerus gebruik van ons KBA diens. Dit kos niks ekstra nie. FLEURETTE BLOEMISTE, Kerkstraat 83, Tel. 4062.

**AFGESNY DEUR DUUR PETROL:**
Dis nie nodig om jou kar in te ruil vir 'n mak donkie net omdat jou reistoelaag nou skielik nie ver genoeg kan rek nie. Met 'n motorfiets van FRANK MOTO X kan jy meer as tweekeer so ver kom met dieselfde petrol. Vir alle PUKKE van statige professore tot fyn dametjies is daar die regte model by FRANK MOTO X, Lombardstr. 13, Tel. 5723, Potch.

**VERSLANKERS!**
Bly asseblief ver weg van TURKSTRA BAKKERY want dis meer as wat vlees en bloed kan verdra. As jy eers eenmaal jou oë laat dwaal het oor ons goudbruin koeksisters, ons heerlike "kingsize" oliebolle, gevul met konfyt en room, terte, koeke en pasteie. Dis nie so moeilik om TURKSTRA te vermy nie. Hulle is in Kerkstraat.

**JAWS 2 SPOEG GELD VIR KARNAVAL**
Laai soveel mense as wat jy kan in jou motor (kombi's uitgesluit) en kom Maandagaand 5 Maart na Potch Inry teen slegs R3,00 per motor. 'n Gratis ete in die Kontiki is op die spel. Kaartjies tussen 13h00 en 14h00 by die SSR-kantoor.

**WERK!**
Vakansiewerk vir mansstudente in die Aprilvakansie: verdien vanaf R100 per week vir demonstrasie en die neem van bestellings vir huishoudelike artikels. Losies en vervoer word verskaf. Kontak student Dust by telefoon 339616, kode 016, Vanderbijlpark, vir verdere besonderhede.